HOËRSKOOL
PAREL VALLEI
HIGH SCHOOL

# Toelatingsbeleid

## Aanvaar deur die Beheerliggaam ingevolge Artikel 5(5) van die Suid-Afrikaanse Skolewet no. 84 van 1996

**1. Interpretasie**

Tensy die konteks anders aandui, beteken, in hierdie beleidsdokument:-

1.1 die Wet — die Suid-Afrikaanse Skolewet no 84 van 1996 (soos gewysig);

1.2 Opvoeder — enige persoon, uitsluitend 'n persoon wat aangestel is om uitsluitlik buite-kurrikulêre pligte uit te voer, wat leerders by die Skool leer, onderrig of afrig en wat deur die Beheerliggaam van die Skool of die WKOD aangestel is;

1.3 Omgewing — Voorkeur sal gegee word aan leerders wat binne die volgende gebied woon: vanaf Kirkiastraat in die noorde, langs 'n oostelike roete wat die Somerset-Wes hoofweg volg, tot by die "Old Bridge". Van daar, in 'n noord-oostelike rigting wat die Lourensrivier volg, tot by die Vergelegenhek. Vanaf daardie punt, al langs die munisipale grenslyn wat die voorheuwels van die Helderberg volg tot en insluitend Bel'aire.

1.4 Finansiële verligting — Finansiële verligting soos in paragraaf 6 uiteengesit.

1.5 Leerder — enige persoon wat onderrig ontvang of verplig is om onderrig te ontvang ooreenkomstig die Wet;

1.6 Ouer:

1.6.1 die biologiese of aangenome ouer(s) van 'n leerder;

1.6.2 die persoon wat wettiglik geregtig is op die voogdyskap oor 'n leerder;

1.6.3 die wettige voog(de) van 'n leerder;

1.6.4 'n persoon wat onderneem om die verpligtinge te vervul van 'n persoon waarna verwys word in paragrawe 1.6.1, 1.6.2 en 1.6.3 teenoor die Leerder se opvoeding by die skool;

1.7 die Skool — die Hoërskool Parel Vallei.

**2. Dokumentasie wat benodig word vir die toelating van 'n leerder**

2.1 Graad 7 vir Graad 8 die volgende jaar: Alle aansoeke moet op die **Wes-Kaapse Onderwysdepartement** se portaal gedoen word: https://wcedonline.westerncape.gov.za

2.2 Alle ander grade: Aansoeke moet gedoen word deur middel van die **WKOD (WCED)** se harde kopie-aansoekvorm wat by die skool beskikbaar is.

**3. Getal Leerders**

3.1 'n Leerder-onderwyser-verhouding van 33:1 (Grade 8 en 9) en 30:1 (Grade 10 – 12) sal gehandhaaf word.

3.2 Die skool sal 'n maksimum van 261 leerders per graad toelaat.

**4. Toelatingskriteria**

4.1 Voorkeur sal aan Leerders gegee word wat:

4.1.1 die grootste deelname in die akademie en sport- of kultuuraktiwiteite aangebied het in die skool wat vantevore deur hulle bygewoon is;

4.1.2 gebaseer op hul vorige deelname en prestasie in akademie en sport- of kultuuraktiwiteite, aantoon dat hulle die meeste bevoordeel sal word deur die vakke, aktiwiteite en fasiliteite wat by Parel Vallei aangebied word;

4.1.3 die hoogste akademiese potensiaal toon;

4.1.4 binne die gebied soos omskryf in 1.3 woon;

4.1.5 broers/susters in die skool het in die jaar van toelating.

4.2 In die geval dat, na die toepassing van die kriteria waarna in subparagraaf 4.1 verwys word, kandidate gelyk is, sal voorkeur verleen word aan leerders wat voorheen benadeel is as gevolg van onregverdige diskriminasie in die verlede.

## 5. Appèl

Die leerder of die ouer van 'n leerder mag appèlleer teen die besluit om toelating te weier by 'n lid van die Uitvoerende Raad ingevolge Seksie 5(9) van die Wet.

## 6. Finansiële verligting

6.1 Ouers sal aan die nodige kriteria moet voldoen vir die toestaan van finansiële verligting.

6.2 Indien die skool sekere voorwaardes instel vir die toestaan van finansiële verligting, sal die ouer en leerder(s) betrokke deur sodanige voorwaardes gebind wees.

6.3 Finansiële verligting sal onmiddellik opgeskort word indien een of meer van die volgende voorkom:

6.3.1 Die ouers voldoen nie meer aan die vereistes vir die toestaan van finansiële verligting nie;

6.3.2 Die ouers en leerders betrokke, weier om enige van die voorwaardes deur die skool beveel/voorgeskryf na te kom.

L. MANKAHLA
BEHEERLIGGAAM VOORSITTER

29/06/2026
DATUM

DM SCHENCK
SKOOLHOOF

29·6·2026.
DATUM